# Die belydenis van Belhar in dogma-historiese perspektief

J.M. Vorster
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**The confession of Belhar in dogma-historical perspective**

*The discussions about the unity of the Church within the churches in the Reformed tradition in South Africa are presently highly influenced by the Belhar Confession. Should the acceptance of this Confession be seen as a prerequisite for the eventual unification of these churches? This article deals with this question against the background of the guidelines given by the formation of confessions in the disciplines of Church History and especially in History of Dogma. The central theoretical argument of this article is that history reveals a certain pattern which can be applied in the evaluation of confessions in general and thus today also of the Belhar Confession. First of all, a confession must deal with a problem concerning churches worldwide; secondly a confession in the Reformed tradition should be based on Scripture; and thirdly, a confession should be accepted after it has been preceded by an ecumenical debate about the necessity, contents and formulation of the particular confession. The Belhar Confession is eventually evaluated on the basis of these premises.*

## 1. Inleiding

Die gesprekke oor kerklike eenheid binne die kerke in die gereformeerde kerktradisie in Suid-Afrika word tans wesenlik beïnvloed deur die belydenis van Belhar. Hierdie belydenis is die jongste toevoeging tot 'n reeks verklarings en belydenisse wat in die twintigste eeu die lig gesien het en wat gerig is op die rol van die gelowige en die kerk in 'n bepaalde sosiopolitieke konteks. Die proses het in 1934 begin met die bekende Barmenverklaring (Jonker, 1993:443). Die betekenis van die Barmenverklaring word deur De Gruchy (1984:60) soos volg saamgevat:

> The theology of Barmen was Reformation theology reworked in a new situation, brought to life again largely by Karl Barth. It was a theology that attempted to proclaim the Word of God with powerful relevance and urgency within the context of the Third Reich.

Barmen was waarskynlik die inspirasie agter soortgelyke pogings in die res van die wêreld – asook in Suid-Afrika (De Gruchy, 1984:65). In hierdie verband kan gewys word op enkele van die belangrike verklarings oor die politieke situasie in Suid-Afrika soos die verklaring oor apartheid van die Southern African Bishops Conference (1957); die verklaring van die Cottesloe konsultasie (1961); die *Message to the People of South Africa 1968* (SARK, 1970:85); die verklaring van die Alliance of Black Reformed Christians in Southern Africa (1981); die *Kairos*-dokument van die Institute for Contextual Theology (1985), asook hulle *Road to Damascus* (ICT, 1989) en die dokument *Kerk en samelewing* van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1990) (Oor die historiese aanloop en konteks van die verklarings vgl. De Gruchy, 1979 en Millard, 1994: 246). Hoewel hierdie verklarings nie aangebied is as nuwe konfessies nie, het dit tog die klimaat geskep waarin die Belharbelydenis geformuleer is. Binne die gereformeerde kerktradisie is die Belharbelydenis die belangrikste en die invloedrykste van al hierdie dokumente. Schrotenboer (1991:1) oordeel soos volg oor dìe belydenis:

> Like no other confession in the life of the church, the Belhar confronts the church with the Biblical demands for justice and unity in the face of churches divided by a political and ecclesiastical system built on the theology of racism.

Jonker (1993:444) is van oordeel dat die Belharbelydenis wel die status van 'n belydenis het omdat die dokument as 'n belydenis deur die eertydse Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en later deur die Verenigende Gereformeerde Kerk as amptelike belydenis aanvaar is. Die Wes-Kaapse sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het hom ook positief oor die belydenis uitgespreek (Anon., 1991:12). Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat die dokument tans 'n belangrike rol speel in die gesprekke oor kerkeenheid binne die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika en selfs in enkele gevalle in die buiteland (vgl. Kruyswijk, 1991:14).

De Gruchy (1984:69) is oortuig dat die Belharbelydenis soos die Barmenverklaring sy basis neem in die Woord van God geopenbaar in Christus, die koningskap van Jesus Christus, die oproep tot gehoorsame dissipelskap en die vryheid van die kerk om kerk te wees in teenstelling met die kerk se dienstigheid aan die eertydse apartheidsideologie en -samelewing. Verskeie vrae kan egter hieroor geopper word. Is die Belharbelydenis in alle opsigte Skriftuurlik verantwoord? Kan die dokument binne die gereformeerde tradisie as 'n konfessie in die ware sin van die woord aanvaar word en moet dit 'n deurslaggewende rol speel in

die gesprekke oor kerkeenheid wat tans in Suid-Afrika aan die gang is? Hierdie artikel gaan op bogenoemde vrae in. Die sentrale, teoretiese argument van hierdie artikel is dat die ontstaansgeskiedenis van konfessies teen die agtergrond van die dogmageskiedenis besondere lig werp op die bepaling of die dokument die status kan hê van 'n konfessie en die waarde daarvan vir ekumeniese gesprek. Voordat die Belharbelydenis bespreek word, word daarom eers aandag gegee aan die perspektiewe wat die dogmageskiedenis in hierdie verband bied vir die proses van konfessievorming.

## 2. Belydenisvorming in dogmahistoriese perspektief

Van Genderen (1996:29) sê dat 'n kerklike simbool gesien moet word as 'n herkenningsteken van die Christen. Die woord *kerklike simbool* kom uit die Grieks en het die betekenis van kenteken, afgesproke teken, herkenningsteken, wagwoord of legitimasiebewys. Hierdie definisie gee 'n bruikbare beoordelingsnorm vir die oorweging van 'n teologiese dokument as 'n konfessie.

In die oorweging van 'n konfessie in dogmahistoriese perspektief kan, naas die feit dat die belydenis as 'n afgesproke teken gesien moet word, drie ander verwante aspekte as van besondere belang geag word. Eerstens moet die strydpunt waarom die saak gaan, in sy historiese konteks beoordeel word. Tweedens moet die teologiese voorveronderstellings en die Skriftuurlikheid van die dokument ondersoek word en derdens moet gelet word op die aanvaarbaarheid, minstens tussen kerke van dieselfde tradisie wêreldwyd. Hierdie aspekte word eers aan die orde gestel ten einde dogmahistoriese vertrekpunte te formuleer om maatstawwe te bied vir die eventuele beoordeling van die Belharbelydenis.

### 2.1 Die strydpunt en die historiese konteks

Die vorming van belydenisse is eie aan die Christelike geloof. Leith (1982:1) noem die Christendom 'n "creedal religion" (vgl. ook McGrath, 1997:17). Daarby stel Jonker (1994:5) dat belydenisvorming veral eie is aan die Reformatoriese tradisie. Die bedoeling van belydenisvorming was altyd om die evangelie te verstaan en te interpreteer ten einde die Christelike geloof beter uit te leef. Leith (1982:1) sê hieroor:

> What cannot be thought through critically and expressed with reasonable clarity cannot demand the allegiance of man's whole being. Understanding is necessary for man's full commitment. Hence faith must be spoken and made intelligible.

Hierdie deurdenking en uitdrukking van die geloof in konfessies vind egter plaas binne 'n bepaalde historiese konteks. "They are fashioned in history, not in the relative isolation of a scholar's study" (Leith, 1982:2).

Om hierdie rede toon Schulze (1978:12) ook aan dat die konfessies van vroeg af aan aandag geniet het as gevolg van 'n bepaalde opposisie teen die Christelike geloof en veral die invloed van verskeie filosofiese skole deur die geskiedenis heen. Van tyd tot tyd is die behoefte gevoel om aspekte van die Christelike geloof te verwoord in die idioom van 'n bepaalde tyd ten einde die standpunt van die Skrif oor die betrokke sake in die wêreld te laat uitgaan. Belangrik is egter ook in hierdie verband die feit dat konfessies nie rigied gebly het nie, maar ook gewysig en uitgebrei is na gelang van die eise van die tyd (vgl. Leith, 1982:9). Die historiese konteks het wel deeglik sy invloed in die ontstaan en groei van die konfessies laat geld (vgl. Bettenson, 1988:5 se samevatting van die ou Christendom se geskrifte teen die antieke leerstellinge). So het die ou ekumeniese konfessies oor die leer van die triniteit ontwikkel oor drie eeue heen as die antwoord van die kerk op die godsleer van die gnostiek (Harnack, 1897:455; Latourette, 1953:123; Bromiley, 1978:81; Löhse, 1985:27). Die groot getal belydenisse wat in die tyd van die Reformasie ontstaan het, was hoofsaaklik 'n reaksie op die sestiende-eeuse Rooms-Katolisisme met sy skolastiese elemente (Cairns, 1982:273; Walker, 1992:515).

Om 'n bepaalde konfessie te verstaan moet dit dus geïnterpreteer word teen die agtergrond van sy historiese situasie. In hierdie opsig is die periodisering in die historiografiese model van Küng (1991 en 1995:62) van besondere betekenis. Sonder om noodwendig saam te stem met die detail van sy model kan die breë riglyne daarvan tog nuttig gebruik word in die verstaan van 'n historiese konteks. Hy periodiseer die kerkgeskiedenis aan die hand van bepaalde paradigmas. Dieselfde argumente geld ook die dogmageskiedenis. So toon Küng aan dat die ekumeniese konfessies van die eerste vyf eeue ontstaan het binne 'n ekumenies-Hellenistiese paradigma van die oud-Christelike tyd (Küng, 1995:111). Dit beteken dat die konfessies wat in daardie periode ontstaan het, begryp moet word as 'n reaksie op die heersende leerstellige strominge wat bestaan het binne die raamwerk van die Hellenistiese filosofieë. Die konfessies van die Reformasie moet weer verstaan word in die lig van die toenmalige Protestants-evangeliese paradigma van die Reformasie (Küng, 1995:524). 'n Moderne konfessie sal weer gelees moet word teen die agtergrond van die huidige paradigma van die modernisme, gebaseer op die rasionele en vooruitgang (Küng, 1995:650). Van Niekerk (1989:184) is dus korrek met sy stelling dat die betekenis, funksie, gesag en noodsaak van die belydenis teen die agtergrond van sy historiese konteks verreken moet word.

Die historiese konteks van die Belharbelydenis sal dus deeglik in aanmerking geneem moet word. Vrae wat aan die orde sal moet kom, is die volgende: In hoe 'n mate het die oorsprong en totstandkoming van die belydenis met 'n leerstellige strydpunt te doen? Hoe universeel is die strydpunt oor die wêreld binne die kerke teenwoordig? Gaan dit om die konfrontasie van wesenselemente van die

Christelike geloof teenoor moderne ideologiese strominge? Die Belharbelydenis kan, onder andere, teen die agtergrond van hierdie vrae beoordeel word.

## 2.2 Teologiese vooronderstellings en Skrifgebondenheid

In die dogmageskiedenis is die konfessie altyd gesien as 'n dokument wat rus op die Skrif. Die konfessie kan nie bo of langs die Skrif staan nie, maar moet 'n interpretasie wees van wat die Skrif self sê. Barth (1948:694) het hierdie standpunt goed saamgevat met die volgende stelling: "Die Konfession stellt sich also mit ihrer Autorität nicht uber, und auch nicht neben, sondern als kirchliche Konfession unter die heilige Schrift".

Om te vra of die konfessie ooreenstem met die Skrif is egter nie genoeg nie. Daar moet ook gelet word op die vooronderstellings wat dien as hermeneutiese vertrekpunte in die Skrifbeskouing, Skrifverstaan en interpretasie. Ten opsigte van die uiteindelike verstaan van die konfessie sê Oosthuizen (1993:175): "There should be an awareness that the interpretation of Scripture proceeds from an interested or ideological perspective, which inevitably reveals the influence of, amongst other factors, a specific socio-historical matrix."

So toon hy aan dat byvoorbeeld die dokument *Kerk en samelewing* van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die realiteit van verskillende volke en kulture as vertrekpunt kies en dat hierdie realiteit 'n rol speel in die verstaan van die Skrif ten opsigte van die kerk en veral die kontekstualisering van die kerk in 'n multikulturele samelewing (Oosthuizen, 1993:178).

Die vasstelling van die vooronderstellings in Skrifinterpretasie soos dit uiteindelik neerslag vind in die formulering van 'n konfessie is dus noodsaaklik vir die beoordeling van so 'n konfessie. Hoe word hierdie, dikwels onbewuste vooronderstellings, blootgelê? Oosthuizen (1993:168) dui die pad aan wanneer hy sê dat daar 'n sinvolle debat moet plaasvind tussen al die deelnemers – 'n debat waarin elkeen bereid is om sy eie Skrifbeskouing en hermeneutiek bloot te lê. Hierdie uitgangspunt bring onmiddellik die vraag na die ekumeniese aanvaarbaarheid van die konfessie na vore.

## 2.3 Ekumeniese aanvaarbaarheid

Juis vanweë die onvermydelike vooronderstellings in Skrifinterpretasie en die neerslag daarvan in die formulering van 'n konfessie is die ekumeniese aanvaarbaarheid of katolisiteit van 'n belydenis van groot belang. Kerke van dieselfde tradisie, maar waarin verskillende vooronderstellings geld, moet in kerklike gesprek tree in die groeiproses van 'n belydenis. Die getuienis van Efesiërs 3:18 is hierin van belang, naamlik dat die gelowiges saam die Skrif moet ondersoek ten einde dit reg te verstaan.

'n Ekumeniese debat waarin die saak vanuit verskeie hoeke belig word, dra daartoe by dat die konfessie nie gedomineer word deur 'n ideologie of een sosio-politieke konteks nie. Die katolisiteit van die ekumeniese belydenisskrifte en die ekumeniese aanvaarbaarheid van die drie formuliere van eenheid binne die gereformeerde tradisie is 'n duidelike bewys van die onontbeerlikheid van ekumeniese debat (vgl. Leith, 1982:3 en 4).

In die historiese kerklike diskussies oor die aanvaarbaarheid van konfessies kan drie historiese prosesse aangedui word wat gewoonlik in die aanvaarding van 'n konfessie 'n deurslaggewende rol gespeel het. Hierdie prosesse kan nie as 'n beginsel voorgehou word nie maar dit is tog 'n aanduiding van wat in die dogmageskiedenis deur die kerk as belangrik geag is.

- Eerstens het dit in die vorming van konfessies gegaan om 'n algemene problematiek wat al die kerke in beroering gebring het.
- Tweedens het die konfessies oor die algemeen elkeen 'n nuwe saak aan die orde gestel. Konfessies wat slegs herhaal wat deur vroeëre erkende konfessies uitgedruk is, is gewoonlik nie tot die bestaande konfessies bygevoeg nie.
- Derdens was die doel van die konfessie om as akkoord van gemeenskap die eenheid van die kerk te versterk en nie te versteur nie. Willekeurige en onnodige konfessievorming werk nie kerkeenheid nie, maar verdere kerkskeuring in die hand.

Bogenoemde perspektiewe wat uit die dogmageskiedenis afgelei is, kan dien as basis waarop 'n konfessie beoordeel kan word. In die lig hiervan word vervolgens aandag gegee aan die Belharbelydenis.

## 3. Die Belharbelydenis in dogmahistoriese lig

### 3.1 Apartheid as dogmaties-etiese strydpunt

Soos Oosthuizen (1993:78) aangedui het, gaan die apartheidsteologie uit van die realiteit van volkereverskeidenheid as hermeneutiese vertrekpunt in die verstaan van die Skrif ten opsigte van kerk en samelewing. Hierdie vertrekpunt is prominent in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se dokument *Kerk en samelewing* (NGK, 1990a:14), die Nederduitsch Hervormde Kerk se dokument *Kerk en politiek* (NHK, 1990:12) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se jarelange studie oor volkereverhoudinge (GKSA, 1985:426). Oor die jare heen het al drie kerkgemeenskappe egter hulle posisie hieroor aanmerklik versag hoewel die uitgangspunt bly staan het.

Die prominensie van volk en kultuurgemeenskap in die verstaan van die Skrif is egter nie slegs 'n tipiese probleem in die Suid-Afrikaanse gereformeerde tradisie

nie. Bosch (1983:25) toon aan dat die spanning tussen kerklike eenheid en etniese verskeidenheid altyd in die Protestantisme latent teenwoordig was. Enersyds is die spanning te wyte aan die feit dat die Reformasie in Duitsland 'n Duitse volksbeweging was teen die Latynse oorheersing van die Roomse Kerk. Die sigbare manifestering van die kerk is daarom sterk in die volk geanker. Andersyds het die Protestantisme se beklemtoning van die Woord juis die saak van taal en effektiewe kommunikasie aan die orde gestel teenoor die sakramentalistiese kerke se klem op die liturgie waarin kulturele verskeidenheid nie sterk op die voorgrond was nie.

As gevolg van hierdie agtergrond het die Protestantse kerke ontwikkel langs die lyne van nasionale kerke en hierdie tendens is in die tradisie se missionêre werk voortgesit. In aansluiting by Bosch se standpunt kan geoordeel word dat die kerke in die gereformeerde tradisie in die wit gemeenskap in Suid-Afrika vanuit 'n minderheidsposisie in die samelewing en die vrees vir kulturele oorheersing sterk op die latente tendens teruggeval het. So het 'n apartheidsteologie ontstaan (vgl. De Gruchy, 1979:53; Pillay & Hofmeyr, 1991:290; Millard, 1994:253-254).

Die apartheidsteologie was nie net 'n etiese rigting op grond van praktiese realiteite nie. Veral in die twee dekades na 1948 toe die beleid van apartheid in Suid-Afrika steng toegepas is, is leerstellings in amptelike kerklike dokumente van kerke in die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika uitgebou wat gedien het as steun vir apartheid in kerk en samelewing (NGK, 1951:161; NHK, 1991:12 waarin vroeëre standpunte hieroor herbevestig word; ook GKSA, 1961:74). In latere dokumente het twee van hierdie kerkverbande hulle standpunte oor wetlik gestruktureerde rasseskeiding versag, maar hulle nie direk uitgespreek teen apartheid nie (vgl. NGK, 1974 en 1986 en GKSA, 1985:426). Hierdie leerstellings het Afrikaanse gereformeerdes se beskouing ten gunste van apartheid diepgaande beïnvloed.

Die apartheidsteologie het wêreldwyd protes uitgelok veral omdat gemeen is dat dit 'n basiese leerstelling van die Christelike geloof, naamlik die versoening, in sy wese aantas. Hierdie protes spreek uit verskeie kerklike en ekumeniese verklarings wat in dié tyd die lig gesien het (Southern African Bishops Conference, 1957:145; Cottesloe Consultation, 1961:148; Alliance of Black Reformed Churches in South Africa, 1981:161; Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, 1982:168; Wêreldraad van Kerke, 1975; Gereformeerde Ekumeniese Sinode, 1988). Die protes in die sewentigerdekade het uiteindelik daarop uitgeloop dat die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (1982:171) apartheid tot kettery verklaar het want: "it is based on a fundamental irreconcilability of human beings, thus rendering ineffective the reconciling and uniting power of our Lord Jesus Christ".

Oor dié uitspraak maak De Gruchy en Villa Vicencio (1983:xv) die volgende stelling:

> The decision by the World Alliance of Reformed Churches to declare apartheid a heresy is probably the most significant ecclesiastical event affecting the Churches in South Africa since the Cottesloe Consultation held in Johannesburg in 1961. This observation is confirmed by the widespread coverage which the decision received in the media as well as by the intense debate it provoked in church and political circles.

As gevolg van die wêreldwye debat oor apartheid het die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1990a:17) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1991: 160) later ook onderskeidelik gestruktureerde rassisme en die teologiese regverdiging van apartheid as kettery verklaar.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die teologiese regverdiging van apartheid 'n algemene problematiek in die ekumeniese wêreld daargestel het. Botha (1991:6) sien daarom 'n parallel tussen die konteks van Belhar en die konteks van die drie formuliere van eenheid. Al die konfessies is geformuleer binne 'n bepaalde politieke konteks. Enkele opmerkings moet egter by hierdie stelling gemaak word. In die vergelyking van politieke kontekste moet rekening gehou word met Küng (1995:65) se paradigma-onderskeiding in die periodisering van dogmageskiedenis – 'n onderskeiding wat meebring dat daar nie sonder meer 'n parallel getrek kan word tussen die konteks van die Reformasie en die konteks van apartheid nie. Tog kan gesê word dat die beroering wat apartheid in die ekumeniese wêreld gebring het, op dieselfde lyn lê as die beroering wat teologiese dwalings in die ontstaansgeskiedenis van die drie fomuliere van eenheid gebring het.

Teen hierdie agtergrond kan gekonkludeer word dat die teologiese regverdiging van apartheid 'n konfessie oor die saak regverdig. In hierdie opsig is die ontstaan van die Belharbelydenis korrek en kan die konfessie nie afgemaak word as 'n dokument wat tydsbepaald, situasiegerig is en nie universele problematiek betrek nie.

## 3.2 Teologiese voorveronderstellings en Skrifgebondenheid

Om 'n peiling te maak van die teologiese voorveronderstellings en die Skrifgebondenheid van die Belharbelydenis is dit nodig om dieper in te gaan op die verskillende artikels van die belydenis soos dit deur die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk geformuleer en aanvaar is (NGS, 1982:1 en1991:12)

In artikel 1 van die Belharbelydenis word die Drie-enige God bely en klem gelê op die feit dat God deur Woord en Gees die kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld tot die einde toe. Hierdie artikel sluit aan by die

Heidelbergse Kategismus Sondag 48 (H.K., 1992:554) en artikels 8, 9 en 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB, 1992:506). Die tradisioneel gereformeerde kerkbeskouing word hier duidelik betrek en Botha (1991:5) en Smit (1991:240) is korrek wanneer hulle sê dat die Belharbelydenis hiermee in ooreenstemming is met die gereformeerde konfessies. Van groot belang is ook die feit dat die drie-enigheid van God hier duidelik bely word. Teen die agtergrond van die opkoms van die intergeloofsbeweging in die ekumeniese teologie is so 'n pertinente standpuntinname veelseggend.

In artikel 2 word die heilige, algemene Christelike kerk en die gemeenskap van die heiliges bely. Hier word duidelik beweeg op die spoor van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Op grond van hierdie belydenis word weer klem gelê op die stigting van die kerk uit die hele menslike geslag. Voorts word gesê dat die versoening in Christus sigbaar moet word in kerkeenheid. Hierdie eenheid is tegelykertyd 'n gawe en 'n opdrag. Geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe is sonde wat reeds deur Christus oorwin is. Alles wat die eenheid bedreig, mag geen plek in die kerk van Christus hê nie en moet bestry word. Die eenheid moet tewens uitgedruk word in liefde, gemeenskap, die sakramente, belydenis en gemeenskaplike lyde. Die verskeidenheid moet gesien word as 'n verryking van die eenheid. Die geloof is ook die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk.

In dié artikel word verabsolutering van die verskeidenheid of geskeidenheid en aparte kerkformasie verwerp asook die standpunt dat die handhawing van die verskeidenheid die vrede bewaar. Ook word die nalaat van die aktiewe bevordering van die eenheid as sonde beskou asook enige standpunt wat afkoms medebepalend maak vir lidmaatskap van die kerk.

Wat in hierdie artikel bely word, sluit ook ten nouste aan by die gereformeerde belydenis soos die leerstellings uitgedruk word in Sondag 21 v/a 54 en 55 van die Heidelbergse Kategismus (H.K., 1992:531) en in die Dortse Leerreels 3/4.1.7 (D.L., 1992:572). Wat dus hier staan, is dus eintlik ook 'n herhaling van wat reeds geskrywe is in die drie formuliere van eenheid met eksplisiete beklemtoning van die eenheid.

Artikel 3 van die Belharbelydenis handel oor die roeping van die kerk. Gelowiges is geroep om die sout van die aarde, die lig van die wêreld, vredemakers en getuies te wees. Die kerk is ook deur God in staat gestel om onversoenlikheid, haat en bitterheid te oorwin. Hierdie boodskap word egter ongeloofwaardig as dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op 'n rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig. Op grond hiervan word enige leer wat gedwonge skeiding vanuit die evangelie legitimeer, as 'n ideologie en dwaalleer gesien. Daarom word so 'n leer verwerp.

Artikel 3 van die Belharbelydenis moet gesien word as 'n logiese toepassing van die beginsels wat in die vorige twee artikels uitgespreek is. Daarom moet dié artikel ook gesien word as in ooreenstemming met die etiese beginsels van die drie formuliere van eenheid.

Artikel 4 het twee belangrike fokuspunte:

> Ons glo dat God Homself openbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg.

en:

> dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom ...

Weereens word dan op grond van hierdie standpunt enige ideologie wat verontregting legitimeer, verwerp.

Hoewel die feit van God se bewoëndheid oor die lot van die armes Skriftuurlik verantwoord is, is hierdie formulering die problematiese deel van die konfessie. Vanuit gereformeerde kring is die standpunte wat hier uitgespreek is, verdedig asof dit, soos die vorige artikel, ook in ooreenstemming sou wees met die gereformeerde konfessie. Smit (1984:65) sê in sy verdediging dat die uitdrukking dat God op 'n besondere manier die God is van die noodlydende, arme en verontregte, 'n basiese, oer-Bybelse en oer-Christelike oortuiging is. Hy noem die uitspraak voorts die hart van die Christelike Godsgeloof en -belydenis self en sê in 'n skerp en ongenuanseerde uitspraak dat daar oor hierdie saak geen meningsverskil kan en mag bestaan nie. Jonker (1993:452) verduidelik hierdie siening van Smit ook op 'n positiewe manier.

Smit (1984:65 en 152) bespreek verskillende relevante Skrifgedeeltes om sy skerp stellings te verdedig. Die Skrifgedeeltes is wel van toepassing wanneer gesê word dat God die lot van die armes en verontregtes ter harte neem en die kerk oproep tot liefdesbetoon. Daaroor behoort geen twyfel te bestaan nie. Hy slaag egter nie daarin om te bewys dat hierdie Skrifgedeeltes God as die God van die noodlydendes, armes en verontregtes tipeer nie. Laasgenoemde stelling druk 'n godsbeskouing uit wat baie problematies is. Die hele Skrifopenbaring beskryf God as God van alle mense en op 'n besondere wyse as die God van die gelowiges.

'n Belangrike openbaring in hierdie verband is die geskiedenis van Abram binne die konteks van die openbaringsgeskiedenis. Abram, wat 'n welvarende man was,

word geroep uit Ur van die Galdeërs en dan sê God vir hom: "In jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen. 12:3). In die Ou Testament openbaar God Hom dan op grond van hierdie uitspraak in besonder as die verbondsgod, die God van Abraham, Isak en Jakob. In sy deeglike uiteensetting van die teologie van die Ou Testament kom Vriezen (1966:468) tot die konklusie dat die heerskappy van God in hierdie bedeling betrekking het op sy volk (Ps. 104:6-19), maar dat dit ook sy voorsienigheid ten behoewe van alle skepsels omvat (Ps. 145:10-16).

Dat God op 'n besondere wyse die God van die gelowiges is, spreek veral uit Romeine 9:31. Nadat Paulus die verlossing uit vrye genade in Christus beskrywe het, sê hy: "Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan teen ons wees". Die "ons" wys op dié wat deur die geloof met God versoen is (vgl. Ridderbos, 1971:388).

Die godsbeskouing wat in artikel 4 van die Belharbelydenis na vore kom, is ook nie in ooreenstemming met die drie formuliere van eenheid nie. Botha (1991:6), die Christian Reformed Churches of North America (CRC, 1990:625) en Klooster (1991:15) beweer wel dat daar in hierdie opsig ook ooreenstemming is maar tot dusver het niemand so 'n ooreenstemming oortuigend uit die drie formuliere van eenheid aangetoon nie. Dit blyk eerder dat ander voorveronderstellings as dié van die Protestants-evangeliese paradigma van die Reformasie (Küng, 1995:524) hier 'n deurslaggewende rol speel. Met reg kan beweer word dat hierdie voorveronderstellings kom uit die Eksodusmotief wat uitgewerk is in die politieke teologieë van die afgelope drie dekades en wat die prinsipiële grond vorm vir die uitdrukking: "God is aan die kant van die armes" (Cox, 1967:36-37, 69; Gutierrez, 1974:203; Cone, 1975:63; Fierro, 1977:212; Tutu, 1980:16; Banana, 1981:43; vgl. vir 'n uiteensetting en prinsipiële beoordeling van hierdie motief Vorster, 1984:93).

Die formulering van *Kerk en samelewing* van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is in hierdie opsig meer genuanseerd en verantwoord. Dit lui:

> Die beoefening van barmhartigheid behoort tot die wese van die kerk en is gegrond in God Drie-enig. God die Vader reik in Christus Jesus uit tot die sorgbehoewende mens en bring sy kerk as 'n nuwe, diakonale gemeenskap tot stand. Die Heilige Gees sit hierdie bediening van Christus voort deur sy kerk (NGK, 1990a:8).

Soortgelyk is die meer genuanseerde wyse waarop Floor (1974:78) en van Wyk (1993:78) die saak beredeneer. Hulle sê, met goeie Skrifbewys, dat God wel deernis het met die armes en dat Hy sy kerk oproep tot die versorging van die armes.

Hoewel Klooster (1991:15) sê dat die stelling van die Belharbelydenis ooreenstem met die drie formuliere van eenheid, erken hy tog dat dit 'n swak formulering is en pleit hy dat die stelling dat God die God van die noodlydende is, geherformuleer moet word. In sy pleidooi moet hy gelyk gegee word, omdat die Skrifgebondenheid van die Belharbelydenis in hierdie opsig tersyde gestel is ten gunste van die godsleer van die ideologie van bevryding. Tot dusver is die problematiek in hierdie verband nie opgelos nie.

Die Belharbelydenis sluit af met artikel 5 waarin gestel word dat die kerk moet leef en bely in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof ten spyte van vervolging. Hierdie uitspraak is ook die logiese konsekwensie van dit wat in artikels 1-3 bely word en is in ooreenstemming met die konsekwensies van die drie formuliere van eenheid in hierdie verband.

## 3.3 Ekumeniese aanvaarbaarheid

In die beoordeling van die ekumeniese aanvaarbaarheid van die Belharbelydenis moet allereers gewys word op die feit dat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk die belydenis self gedebatteer het, maar toe besluit het dat dit nie 'n gespreksbydrae is nie maar 'n finale woord (Smit, 1984:68). Hierdie rigiede standpunt het ekumeniese diskussie wat vir die algemene aanvaarding van 'n belydenis noodsaaklik is, onmoontlik gemaak. Dogmahistories gesien, het konfessies langs die weg van ekumeniese gesprek van toevoeging en wysiging tot stand gekom sodat dit vir soveel as moontlik kerke aanvaarbaar is en dan as akkoord van kerklike gemeenskap kan dien. In hierdie verband kan veral verwys word na die ontstaan van die Dortse Leerreels waar elke deelnemende kerk oor die hele destydse gereformeerde wêreld die geleentheid gehad het om op die remonstransie van die Arminiane te antwoord (Nationale Synode van Dordrecht, 1620).

Hoewel die dokument wyd bespreek is en op 'n wye vlak binne gereformeerde ekumeniese tradisie goedkeuring en instemming ontvang het, is dit net die Gereformeerde Ekumeniese Raad wat oorweeg het om die dokument as konfessie by sy konstitusie in te sluit. Die voorstel dat die belydenis wel bygevoeg word, het egter nie geslaag nie, omdat dit nie die vereiste tweederde-meerderheid kon ontvang nie (GER, 1992:156). Daar was dus in hierdie kringe nog heelwat bedenkinge oor die Belharbelydenis. Ander ekumeniese liggame vereis nie 'n duidelike konfessionele binding nie en het daarom nie die Belharbelydenis binne hierdie raamwerk oorweeg nie.

Oor die vraag of die belydenis 'n nuwe saak aan die orde stel, moet positief en negatief geantwoord word. Die problematiek is aktueel omdat dit, soos reeds gesê is, die gereformeerde kerklike wêreld in beroering gebring het. Tog is die antwoorde wat in die belydenis gegee word, met die uitsondering van artikel 4, slegs 'n herhaling van wat reeds in die gereformeerde konfessies staan. Nuwe

sake word nie bely nie. In hierdie opsig voldoen die Belharbelydenis nie aan die patroon wat deur die loop van die dogmageskiedenis in die proses van konfessievorming as maatstawwe gegeld het nie.

## 4. Konklusie

Met bogenoemde argumente uit 'n dogmahistoriese perspektief kan die volgende konkluderende opmerkings oor die Belharbelydenis gemaak word:

- Die Belharbelydenis betrek wel 'n dogmaties-etiese strydpunt wat kerke in beroering gebring het. In hierdie opsig is die grond vir die formulering van 'n belydenis wel aangetoon.

- Met die uitsondering van die formulering van artikel 4 van die belydenis, is die dokument Skrifgebonde en in ooreensteming met die gereformeerde konfessies.

- Die Belydenis hanteer 'n nuwe saak binne 'n nuwe historiese konteks waaroor kerke nog nie vroeër 'n konfessionele uitspraak gemaak het nie. Behalwe vir die stelling in artikel 4 word egter niks nuuts oor die saak gesê nie. Die vraag moet dus gevra word of dit nodig is om 'n belydenis te formuleer wat hoofsaaklik 'n herhaling is van wat reeds in verskeie konfessies binne die gereformeerde tradisie geskrywe is. 'n Geloofsgetuienis of kerklike verklaring, gegrond op die etiese beginsels van die bestaande konfessie sou voldoende wees. So 'n kerklike dokument of 'n geloofsgetuienis wat prinsipieel reg geformuleer is, sou voorkom het dat die noodsaaklike eenheid in die gereformeerde kerkfamilie in Suid-Afrika so gekomphseer geraak het soos wat Durand (1984:123) reeds in 1984 ten opsigte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangetoon het. Die proses is nou nog verder gekompliseer omdat die Verenigende Gereformeerde Kerk eensydig 'n konfessie opstel en die aanvaarding daarvan as absolute vereiste vir kerkeenheid stel. Naude (1997: 230-231) maak in sy behandeling van die Belharbelydenis in ekumeniese perspektief die volgende toepaslike opmerking:

  > Vanuit ekumeniese perspektief gesien, is 'n eenwordingsgesprek waarby die resepsie van 'n konfessionele dokument ingesluit is, komplekser as gewoonlik, maar natuurlik nie onmoontlik nie. Wat in die geval van Belhar 'n verdere kompliserende faktor is, is die feit dat die belydenis nie die resultaat van wederkerige gesprek is nie, maar reeds die status van 'n konfessie aangeneem het weens die besondere situasie waarin dit ontstaan het, en voorafgegaan is deur 'n parsiële eenwording binne dieselfde familie.

- Artikel 4 se formulering is vanuit Skriftuurlike oogpunt hoogs problematies en tas die Godsleer van die gereformeerde konfessies in sy wese aan. Soos dit

nou geformuleer staan, bring hierdie stelling kerkeenheid ernstig in die gedrang.

- Die belangrike leemtes in die Belharbelydenis kon uitgeskakel gewees het as daar in ekumeniese kringe saam besin is oor die noodsaaklikheid van die dokument as 'n konfessie en oor die inhoud van die dokument. Dit is 'n aantasting van die ekumenisiteit van die kerk om 'n konfessie eensydig te formuleer en dan die konfessie te beskou as die finale woord waarin kerke in ekumeniese verband geen bydrae meer kan lewer nie.
- Voordat die Belharbelydenis kan aanspraak maak op 'n plek in die dogmageskiedenis sal dit nog deur die meule van 'n ekumeniese debat moet gaan. Soos in die ontstaansgeskiedenis van die bestaande gereformeerde konfessies sal kerke mekaar moet verduur in hierdie proses om uiteindelik groter eenheid te bereik en nie verder te verbrokkel nie.

## Bibliografie


ALLIANCE OF BLACK REFORMED CHRISTIANS IN SOUTHERN AFRICA. 1981. Abresca charter. (*In* De Gruchy, J.W. & Villa-Vicencio, C. *eds.* Apartheid is a heresy. Cape Town : Philip. p. 161-167.)

ANON. 1991. Wes-Kaap sê oor Belhar. *Die Kerkbode*, Dl. 148(18):12, Nov. 1.

BANANA, C.S. 1981. The gospel according to the ghetto. Gweru : Mambo.

BARTH, K. 1948. Kirchlicke Dogmatik 1/2. Zurich : Evangeliche Verlag.

BETTENSON, H. 1988. Documents of the Christian church. Oxford : Oxford University Press.

BOSCH, D. 1983. Nothing but a heresy. (*In* De Gruchy, J. & Villa-Vicencio, C. *eds.* Apartheid is a heresy. Johannesburg : David Philip. p. 24-38.)

BOTHA, J.G. 1991. Belhar: Yes or no? *Theological Forum*, 19(1):2-10.

BROMILEY, G.W. 1978. Historical theology. An introduction. Grand Rapids : Eerdmans.

CAIRNS, E.E. 1982. Christianity through the centuries. Grand Rapids : Zondervan.

CRC *kyk* CHRISTIAN REFORMED CHURCHES

CHRISTIAN REFORMED CHURCHES OF NORTH AMERICA. 1990. Agenda and Acts of Synod. Grand Rapids : CRC.

CONE, J.H. 1975. God of the oppressed. New York : The Seabury Press.

COTTESLOE CONSULTATION. 1961. Statement. (*In* De Gruchy, J.W. & Villa-Vicencio, C. *eds.* Apartheid is a heresy. Cape Town : Philip. p. 148-153.)

COX, H. 1967. De stad van de mens, het levenspatroon van de moderne wereld in theologisch perspectief. Utrecht : Ambo boeken.

DE BRES, G. 1992. Nederlandse Geloofsbelydenis. (*In* Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die berymde Psalms, belydenisskrifte en liturgie. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. p. 488-516.)

DE GRUCHY, J.W. 1979. The church struggle in South Africa. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

DE GRUCHY, J.W. 1984. Barmen: Symbol of contemporary liberation? *Journal of Theology for Southern Africa*, 47(2):59-71.

DE GRUCHY, J.W. 1991. From Cottesloe to Rustenburg and beyond. *Journal of Theology for Southern Africa*, 74(1):21-34.

DE GRUCHY, J.W. & VILLA-VICENCIO, C. *eds*. 1983. Apartheid is a heresy. Johannesburg : Philip.

D.L. *kyk* Nationale Synode van Dordrecht.

DURAND, J.J.F. 1984. Belhar – krisispunt vir die NG Kerke. (*In* Cloete, G.D. & Smit, D.J. 'n Oomblik van waarheid. Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis. Kaapstad : Tafelberg. p. 123-134.)

FIERRO, A. 1977. The militant gospel. An analysis of contemporary political theologies. London : SCM.

FLOOR, L. 1974. Die koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy. Potchefstroom : Pro Rege.

GER *kyk* GEREFORMEERDE EKUMENIESE RAAD.

GEREFORMEERDE EKUMENIESE RAAD. 1992. Acts of the Council. Athens 1992. Grand Rapids : REC.

GES *kyk* GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE

GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE. 1988. Acts of the Reformed Ecumenical Synod. Grand Rapids : RES.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1961. "... Uit een bloed .." 'n Rapport aan en 'n besluit van die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oor rasseverhoudinge. Potchefstroom : Pro Rege.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Handelinge van die twee-en-veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1991. Handelinge van die vier-en-veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 7 Januarie en volgende dae. Potchefstroom : Administratiewe Buro.

GUTIERREZ, G. 1974. A spirituality of liberation. (*In* Kee, A. A reader in Political Theology. London : SCM.)

HARNACK, A. 1897. Lehrbuch der Dogmengeschichte. Volume 3. Leipzig : Mohr.

H.K. *kyk* Ursinus en Olevianus

ICT *kyk* INSTITUTE FOR CONTEXTUAL THEOLOGY.

INSTITUTE FOR CONTEXTUAL THEOLOGY. 1989. The road to Damascus. Kairos and conversion. Johannesburg : Skotaville.

INSTITUTE FOR CONTEXTUAL THEOLOGY. 1985. The Kairos Document. Challenge to the church. Braamfontein : The Kairos Theologians.

JONKER, W.D. 1993. Die moderne belydenisbeweging in Suid-Afrika – en Calvyn. *In die Skriflig*, 27(4):443-461, Des.

JONKER, W.D. 1994. Bevrydende waarheid. Wellington : Hugenote.

KLOOSTER, F.H. 1991. The Belhar Confession. *Theological Forum*, 19(1):14-17.

KRUYSWIJK, A. 1991. The Belhar Confession and the REC. *Theological Forum*, 19(1):11-14.

KÜNG, H. 1991. Theology for the third millenium: An ecumenical view. Glasgow : Harper Collins.

KÜNG, H. 1995. Christianity. The religious situation of our time. Translated by J. Bowden. London : SCM Press.

LATOURETTE, K.S. 1953. A history of Christianity. London, Evanston, New York : Harper & Row.

LEITH, J.H. 1982. Creeds of the churches: A reader in Christian doctrine from the Bible to the present. Atlanta : John Knox.

LÖHSE, B. 1985. A short history of Christian doctrine. Translated by E. Stoeffler. Philadelphia : Fortress Press.

McGRATH, A.E. 1997. Christian theology: An introduction. Oxford : Blackwell.

MILLARD, J. 1994. Christianity in South Africa since 1948. (*In* Hofmeyr, J.W. & Pillay, G.J. *eds.* A history of Christianity in South Africa. Pretoria : HAUM Tertiary. p. 251-299.)

NATIONALE SYNODE VAN DORDRECHT. 1620. Acta of Handelinge der Nationale Synode in den Naam onzes Heeren Jezus Christus, Gehouden door autoriteit der Hoogmogende Heeren Staten-Generaal der Vereenigde Nederlanden te Dordrecht ten jare 1618 en 1619. Leiden : Donner.

NATIONALE SYNODE TE DORDRECHT. 1992. Die Dordtse Leerreëls. (*In* Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die berymde Psalms, belydenisskrifte en liturgie. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. p. 557-589.)

NAUDE, P. 1997. Die Belharstryd in ekumeniese perspektief. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 38(3):226-243. Sept.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK. 1991. Kerk en politiek, 'n herderlike skrywe, uitgestuur deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Pretoria : NHK.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1951. Acta van die Transvaalse sinode. Pretoria : Nederduitse Gereformeerde Kerk.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1974. Human relations and the South African scene in the light of the Scripture. Pretoria/Cape Town : Dutch Reformed Church Publishers.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1986. Church and society: a testimony of the Dutch Reformed Church. Bloemfontein : Pro Christo.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1990a. Kerk en samelewing: 'n getuienis van die Ned. Geref. Kerk. Bloemfontein : Pro Christo.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1990b. Agenda en acta van die Ned. Geref. Kerk te Bloemfontein. Pretoria : Nederduitse Gereformeerde Kerk.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK. 1982. Konsepbelydenis na aanleiding van besluit oor apartheid. *Die Kerkbode* :1-2, Okt. 13.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK. 1991. Die Belhar-belydenis. *Die Kerkbode*, 148(18):12, Nov. 1.

NGB *kyk* De Bres

NGK *kyk* NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK.

NGS *kyk* NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK.

NHK *kyk* NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

OOSTHUIZEN, M.J. 1993. Towards an ethics of interpretation: the use of scripture in three recent Christian documents. *Hervormde Teologiese Studies*, 49(1 & 2):167-187.

PILLAY, G.J. & HOFMEYR, J.W. 1991. Perspectives on Church History. An introduction for South African readers. Pretoria : HAUM Tertiary.

RIDDERBOS, H.N. 1971. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

SARK *kyk* SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE.

SCHROTENBOER, P.G. 1991. The Belhar Confession of Faith. *Theological Forum*, 19(1):1, March.

SCHULZE, L.F. 1978. Geloof deur die eeue. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

SMIT, D.J. 1984. "... op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte ...". (*In* Cloete, G.D. & Smit, D.J. 'n Oomblik van waarheid: opstelle rondom die N.G. Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis. Kaapstad : Tafelberg, p. 60-73.)

SMIT, J.H. 1991. Die toepaslikheid van vier onlangse kerklike dokumente vir reformasie in Suid-Afrika. (*In* Van der Walt, B.J. *red.* Die idee van reformasie gister en vandag. Potchefstroom : IRS. p. 303-369.)

SOUTHERN AFRICAN BISHOPS CONFERENCE. 1957. Statement on apartheid. (*In* De Gruchy, J.W. & Villa-Vicencio, C. *eds*. Apartheid is a heresy. Cape Town : Philip. p. 145-148.)

SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE. 1970. A message to the people of South Africa. (*In* British Council of Churches. Violence in Southern Africa. London : SCM Press. p. 85 e.v.)

TUTU, D. 1980. The challenge of the 80's. *Ecunews*, 10:11.

URSINUS, Z. & OLEVIANUS, C. 1992. Die Heidelbergse Kategismus. (*In* Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die berymde Psalms, belydenisskrifte en liturgie. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. p. 517-556.)

VAN GENDEREN, J. 1996. Oriëntatie in de dogmageschiedenis. Zoetermeer : Boekencentrum.

VAN NIEKERK, A.C.J. 1989. Kontekstualiteit in die Suid-Afrikaanse sosiale etiek: 'n vergelykende ondersoek na "The Kairos document", die "Evangelical Witness", Die belydenis 1988 en "Kerk en samelewing". Pretoria : Universiteit Pretoria. (D.D.-proefskrif.)

VAN WYK, J.H. 1993. Homo Dei. 'n Prinsipiële besinning oor enkele mensbeskouings, waaronder dié van Calvyn. *In die Skriflig* 27. Supplementum 1.

VORSTER, J.M. 1984. Die Neo-Marxistiese politieke teologie. Potchefstoom : PU vir CHO. (Th.D. proefskrif.)

VRIEZEN, T.C. 1966. Hoofdlijnen van de theologie van het Oude Testament. Wageningen : Veenman en Zonen.

WALKER, W. 1992. A history of the Christian church. Edinburgh : Clark.

WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE. 1982. Racism and South Africa. (*In* De Gruchy, J.W. & Villa-Vicencio, C. *eds*. Apartheid is a heresy. Johannesburg : Philip. p. 168-173.)

WÊRELDRAAD VAN KERKE. 1975. Racism in theology and theology against racism. Report of a consultation organized by the Commission on Faith and Order and the Programme to Combat Racism. Geneve : Wêreldraad van Kerke.